Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

# ONTWERP – EERSTE VRAESTEL (TEORIE)

## NOVEMBER 2009

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die vrae aandagtig deur.

4. Beantwoord die vrae in volsinne. Vermy die maak van 'n lys van feite.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

**VISUELE GELETTERDHEID: ONGESIENE WERKE**

Bestudeer FIGUUR 1 en FIGUUR 2 wat hieronder verskyn. FIGUUR 1 is ’n jazz-groep se embleem (‘logo’) en FIGUUR 2 ’n embleem (‘logo’) van ’n natuurreservaat.




**FIGUUR 1**




**FIGUUR 2**


1.1 Bespreek die beelde en fatsoene wat in FIGURE 1 en 2 gebruik is om aan te toon hoe dit ’n Afrika-kwaliteit weerspieël. (4)

1.2 Bespreek die simboliek wat in FIGUUR 1 gebruik is. (2)

1.3 Hoe het die ontwerpers van hierdie embleme (“logo’s”) die tipografie suksesvol by die beelde aangepas? Verduidelik jou antwoord. (4)

1.4 Noem EEN beginsel van Ontwerp wat in BEIDE die bostaande embleme (logo’s) sterk uitstaan en verduidelik hoe die beginsel toegepas is. (4)

1.5 Bestudeer die grafiese ontwerp hieronder en beantwoord die vraag wat volg:



**FIGUUR 3**

Identifiseer en verduidelik DRIE Gestaltbeginsels wat van toepassing is op hierdie ontwerp. (6)

**[20]**

**VRAAG 2**

**INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP**
**(KUNS- EN KUNSVLYTBEWEGING, ART NOUVEAU, BAUHAUS, ART DECO)**

2.1 Bestudeer die onderstaande illustrasies en beantwoord die vraag wat volg:




**FIGUUR 4**



**FIGUUR 5**

Identifiseer die beweging waaraan elk van die bostaande horlosies behoort en vergelyk hulle stilistiese eienskappe. (8)

2.2



FIGUUR 6



FIGUUR 7



FIGUUR 8

2.2.1 Identifiseer die ooreenkomste tussen die bostaande ontwerpe en die styl van Art Nouveau. (3)

2.2.2 Kies DRIE van die onderstaande terme en definieer hulle met verwysing na een of meer van die bostaande ontwerpe:

Stilering Ritme Visuele Tekstuur Eenheid en Verskeidenheid (3)

2.3 Noem EEN Art Nouveau ontwerper en ’n werk deur hierdie ontwerper, en gee ’n beskrywing van die werk. (6)

## 2.4 SUID-AFRIKAANSE EN PAN-AFRIKAANSE ONTWERP

*Xhosa kralewerk*





*Zulu mandjiewerk*

*Zulu keramiekware*



Skryf 'n artikel vir 'n Ontwerp-tydskrif oor enige TWEE Suid-Afrikaanse of tradisionele Afrika metodes en tegnieke wat jy nagevors het tydens jou studies.

Vir elk, moet jy die volgende insluit:

- 'n Kort geskiedenis van die ontwikkeling daarvan 3
- Gebruik van materiale, metodes en prosesse 2
- Doeleindes/Funksies 3
- Hoe hierdie tegnieke in kontemporêre Ontwerp gebruik kan word 1
- Verduidelik of dit eties is of nie, om die tegnieke op dié wyse in kontemporêre Ontwerp te gebruik 1

(10 x 2) (20)

**[40]**

**VRAAG 3**

**KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE EN INTERNASIONALE ONTWERP**

3.1 Bestudeer die onderstaande aanhaling en beantwoord die vrae wat volg:

‘Haldane Martin streef daarna om kontemporêre meubelreekse te skep wat ons opkomende Suid-Afrikaanse identiteit en mens-gesentreerde waardes kragtig vertolk en ’n “gevoel van behoort” aan ons wêreld en die tye waarin ons leef te opper.’

3.1.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om ontwerpe met ’n unieke Suid-Afrikaanse identiteit te skep. (2)

3.1.2 Skryf ’n paragraaf waarin jy die verskeie wyses waarop ontwerpers ’n Suid-Afrikaanse identiteit aan hul werk kan verleen, bespreek. (3)

3.2 Skryf ’n kort opstel oor enige kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper onder die volgende opskrifte:

- Naam van die ontwerper en sy/haar ontwerpsdissipline (1)
- Kort agtergrond en opleiding (2)
- Afrika-invloede en -inspirasie (2)
- Ontwerpsproses (2)
- Algemene eienskappe (3)

3.3 Bespreek die werk van <u>TWEE</u> kontemporêre internasionale ontwerpers wat jy bestudeer het. Verduidelik ook die bydrae en invloed wat hierdie ontwerpers op jou ontwerpsproses gehad het.

Een van hierdie ontwerpers se werk moet ’n betrokkenheid met omgewingskwessies toon. (15)

**[30]**

## VRAAG 4

## SOSIALE EN OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID

4.1 Bestudeer die illustrasies hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:




FIGUUR 9




FIGUUR 10

'Afrika sterft van de honger' vertaal beteken 'Afrika sterf van die honger'. Die oorspronklike gekleurde uitleg van die plakkaat wys rooi konfyt wat rondom die mes uitsyfer.

4.1.1 Hoe manipuleer elke ontwerper die uitleg van die beeld en lettertipe om die boodskap van die plakkaat aan die toeskouer oor te dra? Is die boodskap suksesvol gekommunikeer? (10)

4.1.2 Volgens jou mening, watter ontwerp is meer suksesvol? Verduidelik jou antwoord. (2)

4.2 4.2.1 Verskaf 'n definisie vir twee van die volgende tipografiese terme:

- Puntsisteem
- 'Kerning'
- Tipografie
- Lettertipe (4)

4.2.2 Noem vier kategorieë van lettertipes. (4)

4.3 Bespreek die werk van 'n internasionale **OF** Suid-Afrikaanse **OF** Pan-Afrikaanse ontwerper of ontwerpgroep wat duidelik sosiale kwessies aanspreek. Verwys na voorbeelde in jou bespreking. MOET NIE ontwerpers HERHAAL wat jy reeds in die vraestel gebruik het nie. (10)

**[30]**

## VRAAG 5

## ONTWERP IN 'n BESIGHEIDSKONTEKS


5.1 Jy het 'n produk binne jou eie dissipline ontwerp en moet dit nou verpak en bemark. Noem wat jou produk is en van watter materiale dit gemaak is en beantwoord dan die vrae wat volg:

5.1.1 Wat is die kwaliteite wat jy in aanmerking moet neem wanneer jy 'n verpakking vir jou produk ontwerp? (4)

5.1.2 Lys VYF metodes wat jy kan gebruik om jou produk te bevorder en te bemark en verduidelik die belangrike eienskappe van EEN metode in detail. (10)

5.1.3 Noem van die faktore wat jy in aanmerking sal neem wanneer jy die prys van hierdie produk moet bepaal. (6)

5.2 Bestudeer die Imiso Keramiekware-webwerf produkbladsy wat hieronder verskyn en beantwoord die vrae wat volg:




5.2.1 Definieer wat met die term handelsmerkgewing ('branding') bedoel word. (2)

5.2.2 Deur na die webwerf te kyk, sou jy sê dat Imiso Keramiekware daarin geslaag het om 'n sekere identiteit vir hulle besigheid te skep? Gee redes vir jou antwoord. (8)

**[30]**

**TOTAAL: 150**